In teenstelling met die moderne avontuur van witwaterroei deur stroomversnellings, is vroeër beide genesings- en reinigingswaarde aan die Vaalrivier se water geheg. In die roman van C.M. van den Heever *Anderkant die berge*, wat in die tweede helfte van die 19de eeu langs die Vaalrivier afspeel, het die vroulike karakter, Malie, deur die sterk vloeiende Vaalrivier gevlug om weg te kom van haar man. Sy het alle bande met hom verbreek, angstig in die water gespring om by haar ouers aan die Vrystaatkant te kom, en die oewer met 'n gevoel van blydskap en vrede bereik.[372] Die suggestie word geskep dat sy nie net haar man nie, maar ook haar verbrokkelde huwelik en sorge, anderkant die rivier gelos het. Die onstuimige Vaalrivier waardeur sy geswem het, het 'n helende uitwerking op haar gemoed gehad. 'n Engelssprekende afgetrede mediese praktisyn wat op Aasvogelrand gebly het, het weer somer en winter elke oggend in die rivier gaan swem, aangesien hy geglo het dat dit hom gesond sou hou.[373] Hy het egter aan longontsteking gesterf.[374] Vroeër jare is daagliks in die rivier gebad en geswem.[375] By die inheemse bevolkingsgroepe het water, wat 'n simbool van vrugbaarheid en voorspoed is, ook reinigende betekenis.[376] Wanneer jongmense puberteit bereik, gaan hulle gewoonlik na die inlywingskool, waar water as versterking gedrink word en hulle in 'n rivier gewas word om hulle simbolies te reinig asook hulle nuwe status in te lei.[377]

Mense met wie onderhoude gevoer is, het sonder uitsondering almal daarop gewys dat die rivier deel was van hulle beleweniswêreld as kinders, veral wat ontspanning, spel, pret, plesier en die gevoel van geluksaligheid betref. Malie Jalalpor, wat aan die Transvaalkant van die Vaalrivier saam met sy ouers gewoon het, het as jong seun graag gedurende die somermaande in die rivier geswem en vis gevang. Hy het aan die wilgertakke geswaai en dan ingespring, en dit as

---

372 P.J. Nienaber (red.), *Gedenkboek C.M. van den Heever 1902-1957*, p. 315.

373 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Aasvogelrand oost, p. 1.

374 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Aasvogelrand oost, p. 1.

375 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2011.02.05; GPA, MO2, T.T. Cloete (86), Potchefstroom 2010.10.28; GPA, MO2, I. Jalalpor (80), Parys 2010.11.19; GPA, MO2, P.A. Gericke (66), Eerste Geluk 2008.06.04; GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (41), Kromdraai 2010.08.25; GPA, MO2, J.J. Landman (75), Koedoeslaagte 2011.03.02; GPA, MO2, F. Waanders (58), Potchefstroom 2010.10.28.

376 G.M.K. Schüler, "Water en sy betekenis vir die bantoe" in F.A.Venter (red.), *Water*, p. 505.

377 G.M.K. Schüler, "Water en sy betekenis vir die bantoe" in F.A.Venter (red.), *Water*, p. 505.

'goeie tye' ervaar.[378] Hy het vis soos die inheemse grootbek-geelvis (*Labeobarbus kimberleyensis*), kleinbek-geelvis (*Labeobarbus aeneus*), moddervis (*Labeo* spesies) en grasbabers (*Ctenopharyngodon idella*), asook uitheemse graskarp (*Ctenopharyngodon idella*) gevang, gaargemaak en geëet. Die vis was destyds nog skoon. Sy kleinseuns bly egter op aandrang van hul ouers, uit vrees vir die besoedelde toestand van die Vaalrivier, weg van die water en word gevolglik ontneem van die plesier wat oupa Malie as kind ervaar het.[379]

## Proklamering van die Wêrelderfenisterrein

Gedurende die vroeë 20ste eeu is meeste mynbou-aktiwiteite in die Koepel-omgewing gestaak. Die gevolg was dat min ontwikkeling hierna in dié area plaasgevind het, en dat die grondeienaars grotendeels in rus en vrede hul eie gang gegaan het. Teen die 1980's is daar egter weer pogings aangewend om in dié studie-area oopgroef-goudmynaktiwiteite te beproef. Sommige grondeienaars (soos wyle Sonja Theron, haar man, wyle dr. Schalk Theron, wyle Ian van der Walt en wyle Johannes van der Merwe) het besef dat mynbou die Koepelarea sou vernietig en dat hulle enigste troefkaart was om internasionale belangstelling vir die bewaring van die area te verkry.[380] Geoloë uit alle wêrelddele het dekades gelede reeds die Koepelgebied bestudeer, en die uniekheid van die plaaslike meteorietkrater was internasionaal bekend. Intussen het geoloë van Potchefstroom, later bekend as die driemanskap, A.A. Bisschoff, W.C.J. Brink en F.B. Waanders, berge versit om die bewaring van die area te bewerkstellig.[381] As gevolg van hul volgehoue inspanning is 'n gedeelte van die Koepelarea in 2005 op die Verenigde Nasies (VN) se kulturele, opvoeding- en wetenskapsagentskap (UNESCO), se belangrike lys van wêrelderfenisterreine geplaas.

---

378 GPA, MO2, I. Jalalpor (80), Parys 2010.11.19. Hierdie vreugde is ook deur die blanke seuns stroomaf ervaar; GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (42), Kromdraai 2010.08.25; GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27.

379 GPA, MO2, I. Jalalpor (80), Parys 2010.11.19.

380 J.M. van den Berg, vandenberge@absamail.co.za attachment "Koepel 'memorandum of agreement'" email 2012.07.19 to C. Gouws claudiagws@mweb.co.za.

381 M.C. Brink, A.A. Bisschoff & F.B. Waanders, "The geology of the impact structure around Vredefort," Compiled by Departement of Tourism, Environmental and Economic affairs – Free State, 2004.11.22.; M.C. Brink, A.A. Bisschoff, F.B. Waanders & A.E. Schoch, The Vredefort astrobleme and similar terrestrial structures: a comparative analysis, 2005.02.08; "Africa, Vredefort Dome South Africa," in IUCN, Evaluation of nominations of natural and mixed properties to the World Heritage List report to the World Heritage Committee 29th session (6-10 Jul. 2005 – Durban, South Africa).

Die fisiese ruimte wat vir jare 'n integrale deel van die Koepel-inwoners se lewe was, het oornag, in die populêre omgang, wêreldbekend geword. Gevolglik het daar veral onder Koepel-grondeienaars 'n besef posgevat van die moontlikheid dat hulle hul eiendom mog verloor. Die ontwrigting wat hierdie nuwe kultuurelement of konsep (die proklamering) moontlik sou meebring, asook die vrees om die vertroude vir iets nuuts te verruil en selfs te verloor, het 'n mate van vrees en wantroue in die geledere van party grondbesitters meegebring.[382] Verder het die staat se aanvanklike beperkings en regulasies lynreg teen die vryheid van grondeienaars en enige logika ingedruis. Aanvanklike regulasies wat op staatseiendom (Suid-Afrikaanse Nasionale Parke) van toepassing was, is as onuitvoerbaar, onaanvaarbaar en onprakties deur meeste private grondeienaars beskou. Grondeienaars se reg op hul private eiendom, asook hul bestaansmoontlikhede, het in die gedrang gekom. Die gevolg was jarelange weerstand teen die aanvaarding van die proklamasie van 'n gedeelte van die Vredefortkoepel as Wêrelderfenisterrein. Dit is dus te verstane dat die debat vir of teen die proklamasie met stampe en stote oor 'n hele paar jaar sou verloop. Die rede vir die vertraging kan gekoppel word aan die gevoel van vrees wat meeste van die grondeienaars ervaar het, eerder as aan enige politieke oorwegings. 'n Engelssprekende grondeienaar was van mening dat 'n sterk "regse" politieke element onder sommige grondeienaar-groepe bestaan, wat die proklamasie wou stuit.[383] Hy beweer dat genoemde grondeienaars vrees dat die huidige regering, wat geen simpatie met blanke boere toon nie, hulle plase sonder vergoeding sal "vat" soos wat in Zimbabwe gebeur het.[384] Uit persoonlike onderhoude het dit geblyk dat daar onder die Afrikaanssprekende grondeienaars eerder 'n inherente vrees bestaan het om dit wat vir hulle belangrik was, by name hul plase en die "sin van hulle plek", te verloor.

Teen 2012 is volle samewerking tussen drie grondeienaarsverenigings, die Vrystaat-grondeienaarsvereniging, die Noordwes Koepel-grondeienaarsvereniging, en die Koepel Meteorietpark (Bewarea), bereik, asook eenstemmigheid vir die proklamasie van die gelyste gebied. Hierdie verenigings,

---

382 GPA, MO2, P.A. Gericke (69), Eerste Geluk 2011.02.10; GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (82), Helena 2011.05.14; GPA, MO2, J.J. Landman (75), Koedoeslaagte 2011.03.02; GPA, MO2, P.J. Pienaar (73), Tijgerfontein 2011.03.19.

383 G. Addison, *Vredefort Dome Controversies*, notes compiled 2010.07.26 [Website: http://vdome.co.za] [Accessed: 2010.10.10].

384 G. Addison, *Vredefort Dome Controversies*, notes compiled 2010.07.26 [Website: http://vdome.co.za] [Accessed: 2010.10.10].

met die bystand van spesialis-regsgeleerdes, waarvan sommiges grondeienaars was, het regulasies vir die wêrelderfenisterrein opgestel wat in lyn is met die Grondwet van die R.S.A. (Wet no. 108 van 1996). Die regulasies en voorstelle is aan die staat oorhandig, en laasgenoemde het weer 'n tussenganger (mediator) aangestel om die proses te monitor. Die gevolg was dat die Koepelgrondeienaars, met 'n enkele uitsondering,[385] ten gunste van die proklamasie tot die wêrelderfenisgebied gestem het.[386] Die bepalings van die proklamasie, wat die samewerking behels tussen die grondeienaars (wat die bestuur sal behartig) en die staat (wat die nodige fondse beskikbaar sal stel), is reeds in 2011 onderteken.[387] Volgens hierdie ooreenkoms sou regulasies en 'n ontwikkelingsraamwerk saamgestel word wat voldoende beskerming bied, nie net van die natuur nie, maar ook van die geboue en terreine van kultuurhistoriese belang in die Koepel. Bykans twee jaar later (Mei 2013), het die oorspronklike ooreenkoms wat binne ses weke gefinaliseer sou word, nog nie gerealiseer nie. Daar was nog:

> *"... enkele veranderinge wat aan die regulasies aangebring moet word, en wat heen en weer tussen die staat en grondeienaars gesirkuleer word vir insette. Die Bewarea het aanbeveel dat proklamasie in elk geval moet voortgaan. Ek is nie seker hoekom dit nie gebeur nie – dis ook al weer amper 'n jaar terug vandat die groot vergadering by Khaya Ibhubesi was waar daar hand en mond belowe is, binne 6 weke."*[388]

Ten spyte van verskeie Britse anneksasie-aksies (die anneksasie van die Oranjerivier-Soewereiniteit op 3 Februarie 1848, die diamantvelde op 2 Oktober 1871, Shepstone se anneksasie van die Z.A.R. (1877), en die Britse anneksasie van die Oranje-Vrystaat op 24 Mei 1900 en van die Z.A.R op 1 September 1900), die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en verskille in die verlede, leef Boer

---

385 Die person wat dit teengestaan het, is onbekend, aangesien die stembriewe geslote is.

386 Koepel Grondeienaars-vergadering, Khaya Ibhubesi 2011.05.21.

387 J.M. van den Berg, vandenberge@absamail.co.za toespraak van G.P. Schoeman (2012.05.16) by ondertekening van die *memorandum of agreement (MOA)*", epos 2012.05.29 aan C. Gouws claudiagws@mweb.co.za; J.M. van den Berg, vandenberge@absamail.co.za attachment "Koepel 'memorandum of agreement'" email 2012.07.19 to C. Gouws claudiagws@mweb.co.za.

388 J.M. van den Berg, vandenberge@absamail.co.za "RE Proklamasie" epos 2013.03.04 aan C. Gouws claudiagws@mweb.co.za.

(Afrikaanssprekendes) en Brit (Engelstaliges) aan die begin van die 21ste eeu beter saam (*Figuur 90*), tot voordeel van almal in die Koepelgebied.[389]




Figuur 90: Boer en Brit kuier saam by 'n Kuns, kos & kultuur opedag[390]

Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat hulle 'n gemeenskaplike probleem (bewaring en proklamasie) ondervind het, en saam 'n oplossing wou vind. Die Afrikaanssprekende grondeienaars, wat meestal bevooroordeeld teenoor vreemdelinge gestaan het, het ondanks steeds sluimerende en gemengde gevoelens rakende godsdiens en die verlede, met Engelssprekendes saamgewerk om die proklamasie van die Wêrelderfenisterrein op hulle eie voorwaardes, en met die nodige samewerking van die staat, te steun. Die proklamasie-veldtog van die afgelope ses jaar het 'n kultuurverandering en kulturele verdraagsaamheid onder die Koepelbewoners bewerkstellig.

Mynbou-aktiwiteite rakende goud, graniet en sand het die natuurlike landskap op verskeie plekke versteur en selfs vernietig. Heelwat historiese strukture uit die 19de eeu word egter goed bewaar en enkeles is selfs gerestoureer. Daarby is die rivier en toerisme 'n aantrekking vir ontwikkelaars wat geld wil maak uit die unieke omgewing. Een van die grootste struikelblokke vir ontwikkeling is die gebrekkige

389 GPA, MO2, J. Sonemann (55), Dome Lodge 2011.03.19.

390 GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Kuns, kos & kultuur opedag, Koepel Meteorietpark Bewarea, Old Imperial Inn, Venterskroon, 2010.11.27.

infrastruktuur, grondpaaie wat in 'n swak toestand verkeer, terwyl water en krag op sommige eenhede afwesig is. By die jaarvergadering van die Vriende van die Koepel/Vredefortkoepel Bewarea in die "Old Imperial Inn" op Venterskroon (2012.07.28)[391] het dit geblyk dat sommige grondeienaars bekommerd was oor ongekontroleerde ontwikkeling in die Koepel-omgewing wat bestaande grondbewoners se "sin van plek" kon versteur. Almal was dit eens dat dit onafwendbaar was dat ontwikkeling sou plaasvind, aangesien geen omgewing staties bly nie. Daar is ooreengekom dat 'n balans tussen bewaring en ontwikkeling en ook die drakrag van plaaseenhede, met behulp van ervare stads- en streeksbeplanners, bewerkstellig behoort te word.[392] Verder het dit geblyk dat behoorlike impakstudies nie noodwendig deur 'n bevoegde persoon tydens die beplanningsfase gedoen word nie. Die Vredefortkoepel-inligtingsentrum net buitekant Vredefort wat onbenut staan, is 'n voorbeeld hiervan. Volgens hoorsê-bronne, is dit as gevolg van die feit dat geen water (natuurlike fontein-, spruit- of boorgatwater) op die terrein beskikbaar is nie.

Die oewergrondeienaars het in die verlede saamgewerk om die Vaalrivier se eilande in hulle natuurlike staat te bewaar en selfs die uitheemse bloekombome daarop te verwyder.[393] Die moontlikheid van 'n hotelontwikkeling op een van die kleiner eilande by Koppieskraal is byvoorbeeld as gevolg van die vloedgevaar en teenkanting van die betrokke inwoners gestuit.[394] Die geveg vir die bewaring van die Vaalriviereilande kom reeds sedert die tydperk van diamant-prospektering (1906-1927).[395] Die eilande, wat ontbos en beskadig is, het egter oor die jare grotendeels herstel.

## Slotsom

Uit die dagboeke en joernale van die trekgeselskappe gedurende die vroeë 19de eeu blyk dit dat die wildvoorraad in die omgewing van die Vaalrivier besonder groot was. Daar is daagliks gejag vir die pot. Die Noordwes-Vrystaat was selfs

---

391 Vriende van die Koepel/Vredefortkoepel Bewarea-jaarvergadering, "Old Imperial Inn" Venterskroon 2012.07.28.

392 G.P. Schoeman, Vriende van die Koepel/Vredefortkoepel Bewarea-jaarvergadering, "Old Imperial Inn" Venterskroon 2012.07.28.

393 GPA, MO2, G. Addison (63), Koppieskraal 2010.10.09.

394 GPA, MO2, G. Addison (63), Koppieskraal 2010.10.09.

395 TAB, CS, 646 [7198] "Surveyor-General's Department, precis of minute R3924/'84, re Vaal River Islands" 1906.04.25, p. 1.

bekend as Riemland vanweë die groot hoeveelhede rieme wat aldaar uit wildsvelle verwerk is. Die uitdunning van wild op die suidelike Hoëveld het veroorsaak dat die jagtersbestaan en onbestendige lewe, met verloop van tyd plek gemaak het vir veeboerdery, landbou en permanente nedersettings.[396] Dit het gevolglik gelei tot meer gevestigde gemeenskappe asook die stigting van dorpe. 'n Landelike omwenteling het in die binneland van suidelike Afrika plaasgevind, en stelselmatig het 'n kulturele evolusie hom in die Boererepublieke ontvou. Die boerende gemeenskap, veral dié aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier, het hoofsaaklik om die persoons-ekonomie gesentreer; gevolglik het peste, plae, droogtes en depressie veral hierdie Koepel-inwoners nadelig getref. Dit blyk dat die grondgebruik in die studie-area 'n evolusieproses ondergaan het. Die pioniers wat hulle teen 1840 met wa en tent in die Koepel-omgewing kom vestig het, was hoofsaaklik veeboere wat gejag het vir kos op die tafel. 'n Veeboerdery het die boer gedwing om telkemale te verhuis om weiding vir sy diere te verkry, terwyl landbou die grondbesitter letterlik verplig het om op 'n bepaalde plek te vestig. Dit het veroorsaak dat 'n landbouer en 'n veeboer in die klimaatsomstandighede van Suid-Afrika nie met dieselfde oë na 'n stuk grond gekyk het nie.

Die trekkers en hulle direkte afstammelinge het egter van meet af aan hulle onmiddellike omgewing bewerk, die natuur onderwerp en daaroor geheers.[397] Dit blyk selfs dat sommige van die Koepelboere dit as motivering gebruik het en selfs voorgehou het as 'n rigtinggewende paradigma. Die wyse waarop water byvoorbeeld tot betreklik onlangs, sonder meer as 'n onbeperkte natuurlike hulpbron in die wêreld beskou is, getuig daarvan.[398] As 'n mens kyk na die verhouding van grond tot arbeid en kapitaal, is dit ooglopend dat veeboerdery minder kapitaal en arbeid vereis het as landbou. Daarom was kapitaal en landbou nog altyd skaars in die Koepelgebied. Die runderpes-epidemie en die verskroeide-aardebeleid teen die einde van die Anglo-Boereoorlog (1902), het groot hoeveelhede veetroppe vernietig en die weidingsgras is noodgedwonge omgeploeg om meer bestendige landbou te beoefen. Die Koepelplase is hoofsaaklik bedryf deur afstammelinge van bestaande boere, en die rivierplase was gesog, aangesien die Vaalrivier as potensiële leiwater beskou is. Ten spyte van die langdurige droogte-tydperk gedurende die 1930's, is veral tabak en

396 E.J. Carruthers, Game Protection in the Transvaal 1846 to 1926 in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1995, p. 19.

397 GPA, MO2, P.A. Gericke (66), Eerste Geluk 2008.06.04; 2011.02.10.

398 J.R. McNeill, *Something new under the sun,* pp. 190-191.

mielies suksesvol langs die rivier in die Koepelkern-omgewing verbou. Sedert die laat-19$^{de}$ eeu verkies menige grondeienaars om eerder die natuurlike habitat te benut en wildboerdery te bedryf, as om veeboerdery en landbou te beoefen. Die geskikte bergagtige bosveld-biome op die Koepelrante en die toerismepotensiaal leen hul uitstekend tot die bevordering van hierdie tipe boerdery, terwyl die rioolbesoedelde Vaalrivierwater onbruikbaar vir besproeiingsaktiwiteite, en plaasarbeid duur is.

Potchefstroom se sentrale ligging het 'n mark vir plaaslike produkte geskep en ekonomiese groei in die omgewing bewerkstellig, wat die Koepelboerderye bevoordeel het. Die gevestigde boerderybedryf het teen 1860 'n groter welvaartsbron as die minder bestendige jagterslewe gebied. Armoede was 'n probleem in die binneland, wat ook in die Koepelarea gemanifesteer het. Dit kan grotendeels toegeskryf word aan die gevolge van die verhuising uit die Kaapkolonie, waar 'n mate van verarming reeds op die trekpad ingetree het en herhaalde droogtes, veesiektes, peste, plae, rampe en veral veediefstal deur die inheemse bevolking daarná. Die toestande ná die Anglo-Boereoorlog, en die terugslae as gevolg van langdurige droogtes, het 'n landelike verarmingsproses veroorsaak. Verder het die grondwaardes met die aanbreek van die depressie (1929) in so 'n mate gedaal dat plase op daardie stadium geen mark gehad het nie. Om hul skuld te delg, het sommige boere hul plase óf verkoop om bywoners op iemand anders se grond te geword, óf dit onbenut agtergelaat en in die stede gaan werk soek. Die belangrikste uitvloeisel van hierdie landelike agteruitgang en armoede was dat 'n landelik-stedelike migrasieproses begin het wat vandag nog voortduur. Landelike bewoners het na die stede verhuis, en kultuuraanpassings gemaak, omdat hul beter besoldigde werk en vooruitsigte gesoek het.

Verskeie stoot-faktore het ook inwoners van die landelike gebied na die stede gedryf. Behalwe vir minder werksgeleenthede in die landbou as gevolg van meganisasie, was droogtetoestande, onekonomiese plaaseenhede, konsolidasie van plase, lae produktepryse, stygende bedryfskoste, swak geriewe, minimum lone en ander arbeidswetgewing, asook besoedeling van die water, faktore wat mense van die plase weggestoot het. 'n Mens kan dus aanneem dat voorgenoemde trek- en stootfaktore saam 'n eenrigting-migrasiestroom na die stedelike gebied veroorsaak het. Gevolglik het groei in die stedelike gebiede, en ontvolking in die landelike gebiede plaasgevind. Die ongerepte "veld" van die vroeë 19$^{de}$ eeu wat 'n trekfaktor vir die koloniste was om in die binneland te gaan vestig en aan te pas by die omgewing, het teen die einde van die 19$^{de}$ eeu 'n

stootfaktor geword. Daarteenoor het die stede van die 20ste eeu die boerende Afrikaner onweerstaanbaar aangetrek. Die landelike Afrikaner het oor 'n lang termyn deel geword van die stedelike milieu, met gevolge vir hul lewenswyse en kultuurlewe.

Ná die stigting van Parys (1882) is die Vaalrivier reeds as primêre ontspanningsbate beskou. Die moontlikheid van die proklamasie van 'n gedeelte van die Koepel as wêrelderfenisgebied, asook die besoedeling van die Vaalrivier by Parys en die agteruitgang van Mimosa-tuine se akkommodasie en swembad, het die ligging van toerisme-aktiwiteite sedert 2006 verder stroomaf geskuif. Die meeste ontspanningsfasiliteite is steeds langs die Vaalrivier gekonsentreer, met heelwat besienswaardighede in die omgewing van die wêrelderfenisgebied. Die ligging van die buitelug-ontspanningsaktiwiteite het van die oewer na die rivier self (kano- en witwaterroei) verander. Verder het die ontwikkeling van wildboerdery op private plase, wat ontspannings- en akkommodasiegeriewe insluit, die afgelope dekade momentum gekry en die ekonomiese ontwikkeling in die studie-area tot voordeel gestrek. Die invloei van toerisme hou voordele in vir die Koepel-omgewing as geheel. Dit skep werk- en inkomste-geleenthede, 'n mark vir plaaslike produkte, ontspanningsoorde vir 'n inkomste op onekonomiese boerdery-eenhede, 'n inkomste uit verblyf op plase, en aankope op die plaaslike dorpies wat handelaars se inkomste vergroot. 'n Nismark vir toerisme is geskep, terwyl toergidse, toeriste-verblyf, watersport, avontuur-aktiwiteite, spanbou, geriewe vir konferensies en onthale, asook eetplekke soos paddastoele opgespring het. Die dorp Parys, asook grondbenutting en die landskap verder stroomaf, het gevolglik verander, en grondpryse – veral van onbenutte landbougrond in die Vaalriviervallei – het die hoogte ingeskiet.

Die Vaalrivier, wat vroeër hoofsaaklik 'n funksionele rol (watervoorsiening vir die huishouding en veesuip) gespeel het, vervul nou grotendeels 'n estetiese rol, deur mense van elders te trek om in die omgewing te ontspan. Die lys van die Vredefortkoepel as wêrelderfenisgebied het die betrokke omgewing, en daarmee saam Parys, op die wêreldkaart geplaas. Gevolglik is toeriste daarheen getrek, wat noodwendig verandering meegebring het.